ANNIBRAND
dat elkeen Jesus sal ken en saam 'n verskil sal maak

# Couch Tuner 2019

Why we worry!

Matteus 6:19-34

Groepbespreking




Vanaand gesels ons oor die impak van angs op ons lewens. Het jy al ooit gedink hoe angstig die samelewing ons gemaak het? ANGS IS DIE EEN DING WAT ONS DUIDELIK STROOP VAN KREATIWITEIT EN GELUK. Jesus preek in die bergrede hieroor, die Jode was 'n angstige nasie, juis omdat die Romeine hulle so onderdruk het. Angs en vrees het hulle egter so gedomineer dat hulle al hoe meer gewelddadig en onredelik geword het.

Het jy al ooit gedink as jy iemand in jou lewe kry waarvoor jy baie lief is: "Ek moet net nie iets verkeerd doen nie anders verloor ek hulle". Baie keer is die angs wat ons self skep dan juis die ding wat maak dat ons mense wegstoot. **Jesus probeer ons uitdaag om in die Koninkryk ons fokus te rig op Hom en rus te vind van die angs wat ons skep...**

**2**

- Wat het vir jou uitgestaan uit ons Couch gesprek vanaand?
- Wat is die goed in jou lewe wat jou die mees angstig maak?


**3 Hoe deal jy met angs in die koninkryk van God?**

## Lees die teks

25"Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle
moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe
nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? 26Kyk na die wilde voëls: hulle
saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse
Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? 27Trouens, wie van
julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? 28En wat
bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en
hulle maak nie klere nie. 29Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie
geklee soos een van hulle nie. 30As God dan die gras van die veld, wat vandag nog
daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle
sorg nie, julle kleingelowiges?

31"Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons
drink of wat moet ons aantrek?' nie. 32Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges
begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. 33Nee, beywer
julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy
julle ook al hierdie dinge gee.

34"Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie
bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."




## Matt 6:19-34

- Wat is vir julle die hoof ding wat uitstaan in hierdie gedeelte?
- Waarom sal Jesus so fokus rig op die "God wat onvoorwaardelik sorg"?
- Hoe dink julle help Jesus die mense om anders te dink oor die samelewing en die verwagtings wat op mense rus?
- Waarop moet ons dan ons fokus rig volgens Jesus?

ANNIBRAND

dat elkeen Jesus sal ken en saam 'n verskil sal maak

**5** Ons spandeer nou al twee weke om met mense te gesels oor hoe ons identiteit baie gevorm word oor wat ander mense van ons dink. Dit is moeilik met sosiale media en groepsdruk om nie te verval in 'n valse identiteit nie. Verwagtings van die samelewing maak ons Angstig, dit druk ons om in vrees te leef dat ons nie "cool" gaan wees nie, nie in gaan wees of aanvaar sal word nie. Daarom sê Jesus juis dat ons moet fokus op die Koninkryk, die Koninkryk is inklusief, vredevol en 'n plek waar ons almal met dieselfde identiteit rondloop.

**MAG ANGS ONS NOOIT DRYF IN DIE KONINRYK VAN GOD NIE, MAG ONS LEER OM MEER EN MEER KONINKRYKSGERIG TE LEEF**

**Die Koninkryk is Hier dit is nou!**

# Food for thought

- Waarmee Challenge God jou vanaand? Hoe gaan jy leef wat jy vanaand gehoor het?
- Hoe gaan jy die ware beeld van God aan mense wys? ( Hoe leef jy dit prakties is jou omgewing)
- Bid saam vir die week se aktiwiteite wat voorlê en vra dat God julle as groep sal gebruik om Sy Ware beeld te leef en Sy Koninkryk te laat kom.




**As jy verder wil gesels is jy welkom om Hanno te kontak by hanno@stellenberg.co.za of 0795435261**